

A WILDLIFE VISION FOR 2020
**UP YOUR
GAME 2019**



HUNTING | BREEDING | TOURISM | PRODUCTS

8 Februarie 2019

Beste WRSA-lid,

**UP YOUR GAME – WRSA 2019-KONFERENSIE, SATERDAG 6 APRIL
WNNR INTERNASIONALE KONFERENSIESENTRUM, MEIRING NAUDESTRAAT, LYNNWOOD, PRETORIA**

WRSA is druk besig met die reëlings van die 2019-konferensie. Ons is baie opgewonde oor die reeks onderwerpe wat bespreek gaan word!

- Ons gaan 'n blik gooi oor die ekonomie. Nie net Suid-Afrika se ekonomie en waar ons ons binne die huidige politieke milieu bevind nie, maar spesifiek oor die wildseksonomie. Dr Flippie Cloete sal gereed staan om al u vrae oor die wildseksonomie te beantwoord, met Theo Vorster, Hoofuitvoerende Beambte van Galileo Capital wat aandag sal gee aan die wyer Suid-Afrikaanse en globale politieke en ekonomiese omgewing.
- Daar is baie wanpersepsies oor die wildbedryf se bydrae tot die ekonomie, werkverskaffing en produktiwiteit. 'n Goeie gesprek hieroor sal uiters waardevol vir wildboere wees en wie beter as prof Mohammed Karaan?
- Met die onlangse uitbraak van bek-en-klouseer het ons almal net weer eens die belangrikheid van biosekuriteit besef. Dr Johan Steyl is baie bekend by ons wildboere en ons sien uit na al die waardevolle inligting van sy kant af.
- Met die knellende droogte, is klimaatsverandering gereeld op almal se lippe. Hoe beïnvloed dit wildboerdery? Prof. Hannes Rautenbach het baie interessante inligting om met almal te deel en is gereed vir vrae oor hierdie aspek wat ons almal so bekommer.
- Transformasie. Die wildbedryf hang nie dikwels sy aksies en suksesse aan die groot klok nie. Mnr Christo Van der Rheede gaan sekere moontlikhede met ons deel, asook lesse en suksesse van ander kommoditeite.
- Hoe bemark ons ons produkte en land internasionaal, met spesifieke verwysing na jaggeleenthede? Watter gesamentlike plan het ons as wildboere, jagondernemers en die regering om ons land en produkte positief en teen die werklike waarde te bemark? Wiaan van der Linde het jare se ondervinding van internasionale jagbemarking en sal almal op hoogte bring met die nuutste tendense en uitdagings en hoekom 'n gesamentlike Suid-Afrika plan so belangrik is!

Maar waar gesels mens lekkerder by 'n konferensie as gedurende tee/koffietyd en middaget? Vir baie is dit die engste tyd van die jaar om te netwerk en in te haal met ander mense in die bedryf. Ons gaan oorgenoeg tyd daarvoor toelaat!

En om alles af te sluit? Nog 'n lekker saamkuier geleentheid ... die gala dinee dieselfde aand, ook by die WNNR. Die vier Wildboer van die Jaar-toekennings word ook die aand oorhandig – altyd iets om na uit te sien.

Maar wag, ons het NOG IETS: 'n Damesontbyt wat by Stephnie's, Lynnwood Bridge gaan plaasvind vir die dames wat nie in die konferensie vasgevang wil sit nie. Met Lindie Strydom as spreker en borge soos Jenna Clifford, SkinPhD en baie ander vriendinne wat gaan bywoon, het ons alreeds baie besprekings ontvang. Dames, moenie dié een laat verbygaan nie.

CEO/HUB: A Kitshoff-Botha

President: T Mogashoa **Adjunkpresident/Deputy President:** W vd Linde

Direkteure/Directors: NJ Adami, DJ Cunningham, ER Davey, AI Douglas, M Gcabo, G Heyneke, Dr T Lesoli, JD Malan, JL Pretorius, LLS vd Walt

Besprekingsvorms is beskikbaar op ons webtuiste www.wrsa.co.za en ook by die kantoor: 012 335 6994 of admin@wrsa.co.za

Skud op - bespreek so gou moontlik!

Adri Kitshoff-Botha

Adri Kitshoff-Botha
WRSA: CEO